**Die sewende dag – dag van rus**

**Gen 2:1-3**

**26 Maart 2023**

1. Vantevore: God het die skepping geskep sodat dit gevul kan wees met lewe wat Hom verheerlik. Tuin van Eden was eerste tempel – maar sonder 'n brandofferaltaar, waskom en verbondsark.
2. Die sewende dag: God se rusdag
    a. God se skeppingswerk was voltooi na ses skeppingsdae (Gen 2:1-2)
    b. Gevolglik rus God op die sewende dag van Sy skeppingswerk (Gen 2:2-3, Heb 4:3b)
    c. Sewende dag is nie afgesluit met "En dit was aand en dit was oggend die 7de dag" nie – duur dus steeds voort – dus: God rus steeds van Sy skeppingswerk
    d. Oënskynlik kort periodes van rus oornag gedurende die 6 skeppingsdae (Gen 1)
    e. Alhoewel God steeds rus van Sy skeppingswerk, werk Hy tog ook steeds aan Sy verlossingswerk (Joh 5:15-18)
3. Die rus van die gelowige
    a. God het die sewende dag geseën en dit heilig verklaar (Gen 2:3)
    b. Sewende dag ontwikkel in die Bybel as rusdag vir die mens:
        - Rusdag met gewyde byeenkoms (Lev 23:3)
        - 4de Gebod: motivering in Eks 20:8-11 is God se rus na skeppingswerk; motivering in Deut 5:12-15 is God se verlossingswerk
        - Sabbatdag moes geheilig word toe God manna gegee het (Eks 16:22-30)
        - Sabbatsjaar sluit rus in vir land en verlossing vir slawe (Lev 25)
    c. Vir die mens volg dag van rus op 6 dae van werk aan skeppingsopdragte
        - Heers oor die diere – dit is ons daaglikse werk
        - Bewerk die tuin – hou God se heiligdom in stand
        - Bewaak die tuin – bewaak God se heiligdom
        - Onderwerp die aarde – brei God se heiligdom uit
    d. Skeppingsopdragte word gegee voor sondeval – om te werk is nie deel van straf op sonde nie
    e. Rus het dieper betekenis: is ook die gevolg van God se verlossingswerk
        - Rus in beloofde land (Deut 12:10, Jos 11:23), rus van vyande (2 Sam 7:1)
        - Ewige rus vir gelowiges (Heb 4:8-11, Op 14:11-13)
        - Gelowiges gaan rus van hulle skeppingsopdragte – want dit is afgehandel
        - Gelowiges is nie passief in ewige rus nie – verlustig hulle in God se verlossing (Op 5:8-10)
4. Samevatting
    a. God: Skep/rus, skep/rus, skep/rus ... vir 6 dae; daarna rus God op sewende dag vir ewig van skeppingswerk want dit is klaar, maar werk aan verlossingswerk
    b. Gelowige: werk aan skeppingsopdragte vir 6 dae/rus op 7de dag, werk aan skeppingsopdragte vir 6 dae/rus op 7de dag ... tot bydrae tot skeppingsopdragte klaar is, daarna 'n ewige rus waar God verheerlik word oor Sy verlossingswerk
5. Implikasies
    a. Respekteer elke 7de dag as rusdag
    b. Respekteer jou skeppingsopdragte
    c. Sien met opgewondenheid uit na die ewige rus waar ons lofoffers aan God gaan bring (Rom 5:2, Heb 13:15)